



Privaatsak X1
Rensburg
1439

Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: admin@lsagvisser.co.za
www.lsagvisser.co.za

OMSENBRIEF 2021-7

Ons waarde vir die maand: Eerlikheid

18 Mei 2021

Beste ouer / voog

Ons wil graag die volgende reëlings aan u deurgee rakende die op- en aflaa van leerders. U het die opsie om u kind in die veiligheid van die skoolterrein op en af te laai. Ons wil graag hê dat u daarvan gebruik moet maak. Ons versoek egter dat die leerder op- of afgelaai word en dat u deurry, sonder om u motor te verlaat. Ons doen 'n beroep op u om die veiligheid van die ander leerders in ag te neem deur seker te maak u ry stadig.

Indien u saam met u kind stap, maak asseblief seker u sien u kind by die hek af en nie by die klas nie. Die grondslagfase leerders sal deur 'n leerlingraadslid vergesel word tot by die klasse om te verseker dat hulle daar uitkom.

Smiddae sal die grondslagfase leerders op die gras voor die klasse sit. Geen leerder sal meer op die ryvlak wag nie. Ouers wat deurry kan in hulle motors vir hulle kinders wag. Ouers wat stap moet hulle kinders by die onderwyseres gaan afhaal. Die hek word stiptelik om 13:00 oopgemaak en weer om 13:15 toegemaak. Oorblywende leerders sal terugbeweeg klasse toe waar hulle tot 13:30 in die klasse sal wag. Die hek sal weer om 13:30 oopgemaak word.

Leerders wat van openbare vervoer gebruik maak moet asseblief by Hek B op- en afgelaai word.

Ons doen 'n beroep op u om asseblief nie voor Hek A 'n u-draai in die pad te maak nie, aangesien u die leerders in gevaar stel en die effektiwiteit van die padpatrollie belemmer.

Ons bedank u vir u samewerking.

Vissiegroete

Selma Marx
Skoolhoof